

Rooiluis op skape

(Jannie Fourie, NWKV Produksie Adviseur: Weskaap

Sel: 083 564 1105; Epos: jannie@overbergwireless.co.za

Algemene inligting:

Die parasiet is *Bovicola ovis* (buitende luis), volwasse luis is ongeveer 1.5 tot 3 mm lank met 'n bruin-rooi kop en ligtebruin agterlyf. Luise is gasheer spesifiek. Rooiluis het 'n breë, stomp kop en suig nie



bloed nie, maar vreet eerder met kouende monddede aan epidermale weefsel, velskubbe of skilfers, hare, wol en bloedserum of bloedstolsels van wonde op vel se oppervlak. Rooiluis is aktief in die wintermaande, veral wanneer gashere se kondisie en algemene weerstand onder druk is. Ouer, siek en ondervoede diere, hoë veedigthede en diere met langer wollengtes is meer vatbaar. Tydens warm somermaande kry luise swaar, maar bly oorleef in kleiner getalle. As jy infestasië vir die eerste keer waarneem, is skape reeds 6 -7 maande gelede besmet.

Lewensiklus:

Die volwasse wyfie lê eiers op skaap terwyl sy voed en die eiers heg aan die wol, ongeveer 12mm van veloppervlak. Die wyfie lê ongeveer 2 eiers elke 3 dae en kan leef vir 27 dae. Eiers is amper deursigtig en baie moeilik om met die blote oog raak te sien. Die mannetjies leef 48 dae. Tien dae later broei eiers uit en eerste nimfstadium verskyn. Ontwikkeling en uitbroei van eiers vind plaas tussen temperature van 30 - 36 grade Celsius. Die luis gaan deur 2 verdere nimfstadiums op dag 22 en 31 voordat jong volwassenes verskyn. Lewensiklus is ongeveer 35 dae en word op skaap voltooi, met ander woorde, rooiluis is 'n permanente parasiet van skape.

Oordraging:

Meeste besmetting is deur direkte oordraging en luis kan net 3 tot 4 dae vanaf skaap oorleef. Lammers word deur ooie besmet. Aankoop van besmette ooie of ramme dra ook die parasiet oor. Een volwasse wyfie is genoeg om 'n hele kudde te besmet. Kan ook deur skeerders tussen plase versprei word. Dit is baie belangrik om alle ingekoopte diere te behandel en onder kwarantyn te hou voor in kudde vrygelaat word.

Kliniese tekens:



- Rooiluis veroorsaak erge irritasie en die gejeuk, gebyt en gekrap deur skape veroorsaak wolskade. Graad van wolskade hang af van aantal luisse, lengte van wol en sensitiwiteit van skaap. Velskade en breuk in wol word veroorsaak.
- Skuur en krap lei tot skade aan heinings en krippe.
- Skaaf- en skuurplekke veroorsaak lekkende serums wat weer brommers lok.
- Gewigverlies kan moontlik een van die gevolge wees.
- Wol is soms gekoek en vertoon geel.
- Dier kan rusteloos wees, swak vreet en wol afskuur. As 1 luis per 10 cm wolopening op skaap gesien word, is daar ongeveer 2 000 luisse op skaap. Luise is wel sigbaar met blote oog.

Ekonomiese verliese:

Ligte luisbesmetting veroorsaak :

- 3% verlaging in wolproduksie
- 1% verlaging in skoon opbrengs
- 2% verlaging in wolprys

Die totale verlies per skaap met ligte besmetting is ongeveer R26. So min as 5 000 luisse / skaap kan tot 5% verlaging in wolwaarde tot gevolg hê en 25 000 luisse tot soveel as 20%. Verdere skade aan heinings en krippe a.g.v. krap en skuuraksies van jeukende diere. Daar is ook verlies aan karkasmassa omdat hulle minder vreet en meer rond hardloop. Dit is dus goedkoper om skape te behandel as om verliese te lei. Drastiese verlaging in melkproduksie kan ook voorkom wat lei tot lammers wat swak groei.

Behandeling:

Dit is uiters belangrik dat alle skape behandel word met geregistreerde middels. Vir beste resultate moet skape eers geskeer en dan behandel word. Die skeerproses kan tot 70% van luisse verwyder met verdere vrektes aan blootstelling. Onthou, die luis voed op veloppervlakte, dus moet behandeling die veloppervlakte bereik vir beste resultate. Dit is verder belangrik dat inspuithare middels nie gebruik word om rooiluis te beheer nie, want hulle suig nie bloed nie. Luisbehandeling by skape met lang wol is normaalweg net noodbehandeling om verligting te bied tot skeertyd. Daar is verskillende middels en metodes beskikbaar vir luisbehandeling.

Opgiet : Ideaal is 24 uur na skeer wat verseker hoër konsentrasie van aktief oor die hele liggaam . Dit is 'n maklike produk om te gebruik en kan met min arbeid toegedien word. Dit is minder stresvol vir diere en swaar dragtige diere kan ook behandel word. Lae kapitale uitleg, want geen dipgat word benodig nie.

Dipmiddels: Dipmiddels kan toegedien word as dompeldip, spuitdip of “Jetting”. Skape kan 3 tot 4 weke na skeer gedip word tot 2 maande voor volgende skeertyd. Maak seker dat regte dipkonsentrasie gebruik word. Gebruik skoon water vir versaanvullings. Beste resultate is kortwol (1-3 maande). Maak seker dat skaap 100% benat is in dipproses.

Daar is verskillende aktiewe wat geregistreer is om rooiluis mee te behandel, nl Amadiene, Piretroide, organofosfate, inseksgroeïnhibeerders (IGI), spinosad en moontlike kombinasie van produkte. Besluit watter aktief- en behandelings metode op jou plaas die beste gaan werk en hou te alle tye by die voorskrifte van etikette. Sommige van die opgiemiddels het baie lang nawerking tot solank as 20 weke, wat herbesmetting help bekamp.

Redes vir oneffektiewe behandeling van rooiluse:

- Verkeerde dosis van die middel is gebruik.
- Toediening was te lank na skeertyd gedoen , ideaal is binne 6 weke na skeer.
- Nie alle diere is behandel nie , veral pasgebore lammers word vergeet.
- Weerstand van luse teen die aktiewe wat gebruik word.
- Skape was nie lank genoeg aan aktief blootgestel nie.

Verwysings:

Sheep and goat diseases *Gereth Bath and Jan de Wet*

Rooiluis beheer in skape *Dr Tom Strydom MSD Animal Health Malelane Navorsingseenheid*

Rooiluis op skape *J van Rensburg MSD*

Farmers Handbook *Bayer Animal Health*

Raak nou ontslae van luse *Mia Mienie Afrivet*



Die NWKV lewer produksie-adviesdienste aan alle wolprodusente op kontrak met Cape Wools SA (CWSA), wat befonds word deur die Woltrust.